Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 4

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

'n Moment uit 'n lewensverhaal

(Oorgeneem)

Die tuie het gebreek ...

Op 'n Oktoberaand in die jaar 1654 ry 'n rytuig, bespan met vier perde langs die Seine in Parys en swenk meteen na 'n brug sonder traliewerk. Die voorste perde steier terug en keer regsom na die rand van die brug waar hulle neerstort in die diep waters van die Seine. Die tuie het gebreek en die rytuig word gelukkig nie meegesleur in die dieptes nie.

In dié rytuig sit Blaise Pascal. 'n fynsinnige geleerde man. die beroemde wiskundige. Hy het buite God en Christus om geleef. Algemeen word aangeneem dat dié voorval met die tuie wat gebreek het, 'n kentering in sy lewe gebring het. Hy was toe 31 jaar oud. Plotseling was hy geplaas in die grenssituasie van sy lewe. Die donker nag, die verskrikte perde, die stromende water en agter dit alles die grimmige gestalte van die dood.

Maar die tuie het gebreek!

'n Maand later, die 23e November 1654 skrywe hierdie man: ..God van Abraham. God van Isak. God van Jakob, nie die God van die wysgere en geleerdes nie. maar God van Jesus Christus. Hy laat Hom nie vind. anders as deur die weë, geleer in die evangelie nie." Pascal. so word aangeneem, is op Christus gewerp. toe die tuie gebreek het! God gebruik skokkende gebeurtenisse om 'n mens tot inkeer te bring ...

Wat was u reaksie op die wonderbaarlike behoud in daardie motorongeluk?

Die klein vreugdes

'n Paar eenvoudige blommetjies in 'n drinkglas. 'n Rangskikking met sublieme lyn en motief sal dit beslis nie word nie. Maar as iemand wat jou liefhet, hulle spesiaal vir jou gepluk, in die glas gesit en op jou studeertafel kom neersit het, kry hierdie eenvoudige rangskikkinkie 'n dieper betekenis. Dit word draer van die mooi boodskap dat daar iemand is wat in liefde aan jou dink. En watter mens geniet nie so 'n blykie van bedagsaamheid nie? So word die glas met blomme een van die klein vreugdes van die lewe wat vir 'n mens die hele dag mooi maak.

Die klein vreugdes.

Daar is talle van hulle.

'n Glas koel drinkwater op 'n snikwarm dag.

'n Kamer wat keurig aan die kant gemaak is met die oog op jou koms — en 'n vriendelike gasheer wat jou na 'n moeisame reis daarheen begelei.

'n Paar lekker warm wolpantoffels wat jou dogtertjie op 'n koue winteraand vir jou aandra.

'n Stewige handdruk en 'n simpatieke blik in die oog van 'n vriend wat jy jare laas gesien het.

Hoe mooi maak hierdie klein vreugdes die lewe. 'n Dag wat mistroostig begin het, word soms deur hulle omskep in 'n feestelike avontuur.

Maar die klein vreugdes bring dikwels ook pyn met hul mee. Al is dit maar iets wat net soms dof en ver weg skryn.

Môre is die blomme in die glas verwelk.

Die motte het gate in die wolpantoffels gevreet.

Jy moet weer uit die gasvrye vriende-woning vertrek.

Die simpatieke vriend is daar nie meer nie . . .

Gelukkig is daar ook so iets as 'n blywende vreugde.

Dit is 'n ewigdurende vreugde wat bo die verganklike dinge uitstyg.

Hierdie vreugde kan net Jesus Christus wat die graf en die dood oorwin het, aan ons skenk.

In u (lankvergete?) katkisasiedae het u daarvan geleer:

Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?

Dat, aangesien ek nou die beginsel van die ewige vreugde in my hart gevoel, ek ná hierdie lewe volkome saligheid sal besit wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie, en dit om God ewig daarin te prys.

Herken u hierdie woorde uit die Kategismus ?

Besit u nou reeds die beginsel van die ewige vreugde?

Of is die enigste vreugdes wat u ken, die mooi maar verganklike klein vreugdes van die lewe?

Elke mens is dit aan homself verskuldig om op 'n stil plek hieroor te gaan sit en nadink totdat hy daarop 'n eerlike antwoord kan gee.

U ook.

Lente en Jonkheid

(Vir die jongmense)

Beste jong vriend of vriendin,

Terwyl ek hierdie stukkie aan u skryf, is dit lente.

Ek glo dat u as jongmens net so baie van die lente hou as ek.

Een van die dae kom die eerste lentereëns. Hoe verkwikkend is dit nie om die eerste swaar druppels op die dak te hoor neerplof nie! Om jou jas aan te trek en sommer ver in die reën te gaan stap . . .

Ek hoop u sal nie hierdie lente met al sy skoonheid te midde van al die drukte by u laat verbygaan sonder dat u dit opgemerk het nie.

Maar ek sit my eintlik hier en vergis.

Hierdie briefie sal u na die maal bereik, want u sal dit eers in November te lese kry. Dan is al die lente bloeisels al weer weg.

Is dit vir u ook so tragies dat die skoonheid van die lente maar so kortstondig is? Gou-gou is dit somer en nie meer lank nie, dan is dit herfs en dan — winter. Mistroostig, kleurloos, koud . . .

Het u al daaraan gedink dat ons lewe baie is soos die jaargetye? As ons in ons jeug is, is ons in die lente van ons lewe. Wanneer ons in die fleur van ons jare is, beleef ons ons somer. As ons na vyftig se kant toe begin staan, kom die herfs al nader en gou-gou is die winter daar.

Wat is dit heerlik om jonk te wees! Daarom is dit so jammer dat ons nie ewig jonk kan bly nie. Die jonkheid is kortstondig en verganklik.

U ken seker die profeet Jesaja in die Bybel. Hy het eenmaal geskryf: "Die jonges word moeg en mat en die jongmanne struikel selfs maar hulle wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie" (Jes. 40:30, 31).

Van watter soort jeug praat die profeet hier? U is reg, dis nie 'n soort jeug waarin 'n mens se liggaam mooi jonk en kragtig bly nie. Dit 'n ander soort jeug.

Die profeet Jesaja het hier die innerlike, ewige jeug in gedagte. Ons *kan* jonk bly soos die ewigheid jonk bly. 'n Veel beter jeug as die kortstondige aardse jeug — 'n jonkheid wat selfs die ouderdom en die dood trotseer. Jesaja sê: "tot die ouderdom toe is Ek dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra" (Jesaja 46:4) en in Psalm 92:15 staan daar dat die regverdiges in die gryse ouderdom nog vrug sal dra, dat hulle vet (fris) en groen (jonk) sal wees.

Wie is hierdie "Ek" wat sê dat Hy ons tot in die ouderdom sal dra?

Dit is God, die Here.

Die resep van Jesaja vir ewige jeug is so eenvoudig dat u daarvoor sal lag. Sy resep is alleen: "wag op die Here". Wat beteken dit? Dit beteken alleen dat ons nie moet vaskleef aan die wêreld — soos die jonkheid — nie. Dit beteken dat ons op God moet vertrou, in Hom moet glo!

Nou sal u in u mou lag vir Jesaja se eenvoudige oplossing vir die groot probleem. Ek sal u egter nie van die waarheid daarvan kan oortuig deur meer te skryf en 'n lang redenasie te

begin nie. Al wat ek u wil vra, is om u vriendelik uit te nooi om weer 'n slaggie kerk toe te gaan. En moenie teleurgesteld wees as u die eerste keer nie 'n oplossing vir al u vrae en moeilikhede kry nie. Hou aan om te gaan. U sal nie u tyd mors nie!

U sal die Here Jesus Christus daar leer ken en daar sal stadig iets in u begin groei. U sal sy genade ondervind. Een van die genadeskatte wat u daar sal vind, is die van die geloof. Dit sal u in staat stel om te midde van die verganklikheid waarin alles spoed na sy winter toe om te sterf, tog nie te wanhoop nie. U sal leer dat daar na hierdie lewe 'n ewige lewe wag vir die wat in Christus glo. Maar, let wel, alleen vir hulle wat in Hom glo.

Kom gerus 'n slaggie kerk toe. Ek verseker u, baie heerliker dinge as lenteprag en ewige jonkheid sal daar u deel word!

U vriend,

B. J. van der Walt.

Ontvlugting

As 'n probleem in die lewe vir 'n mens te veel word, soek jy, bewus of onbewus, na 'n oplossing. Een van die "oplossings" wat deur duisende gekweldes gesoek word, is om in een of ander vorm van ontspanning of ander aktiwiteite ontvlugting te soek van hulle probleme.

Wat word hier bedoel met ontvlugting? Ek verstaan daaronder nie die deelname aan 'n gesonde vorm van ontspanning waardeur jy tydelik aan die sorge en die inspanning van jou werk ontkom en sodoende jou arbeidskrag herstel nie. Sodanige ontspanning is nie alleen geoorloof nie, maar tewens noodsaaklik. Sodra jou ontspanning of aktiwiteit egter die middel word waardeur jy van jouself, van jou verantwoordelikheid, van jou probleme, wil wegkom, word dit *ontvlugting* in die ongunstige sin van die woord.

Bang vir die stilte

Dan is jy bang vir die stilte, want jy is bang om alleen voor jouself te staan te kom. Jy is bang om alleen met jou probleme te verkeer. Jy vlug vir die werklikheid. Dan moet jy gedurig besig wees met interessante dinge sodat jy nooit meer tyd sal kry om aan jouself te dink, of aan jou omstandighede, of aan die probleme in jou huis of in jou werk nie. So 'n mens vlug vir homself, maar hy vlug ook... vir God!

So tref ons die gejaagde voortvlugtendes aan in die bioskoop, op of langs die voetbalveld, by die dansbaan . . . baie dikwels in die kroeg of selfs in die afgesonderdheid van die woning met 'n bottel sterk drank of met verdowingspille. Sommige vlug vir die werklikheid deur hulle op fanatieke wyse oor te gee aan die beoefening van hul geliefde stokperdjie, soos houtwerk, fotografie, die skilderkuns en soveel ander nog. Ander weer deur voortdurend besig te bly met bedrywighede op sosiale gebied. Tot so 'n mate word deelname aan soortgelyke aktiwiteite oordryf, dat daar nooit meer tyd oorbly vir 'n voorraadopname van jou lewe, vir stille bepeinsing en gebed nie.

Vlug na die werk

Sommige mense soek selfs ontvlugting in hulle werk! Dan werp hulle hulself met abnormale ywer in die maalstroom van hul werk, want in die aanhoudende besig wees vind hulle die salige afwesigheid van kwellende gedagtes oor bv. hulle ongelukkige huwelikslewe, of oor hul wanverhoudinge met hul medemens en met God. Hul werk bied hulle daarby ook die geleentheid om hulself aan die wêreld te openbaar as verdienstelike persone of as martelaars. So 'n mens vind in sy werk nie meer die geleentheid vir diens deur die ontplooiing en beoefening van sy natuurlike begaafdheid en aanleg nie, maar sy werk word vir hom slegs 'n voortdurende gejaag na ontvlugting, na selfregverdiging en na eer! Vir hom is die leuse: Werk, sodat jy kan vergeet! Sodat jy met jou gedagtes kan wegkom van jou probleme!

U ook?

Is u ook so 'n voortvlugtende? Vra uself dan af: Waarom vlug ek en duisende ander mense so? Waarom die ontvlugting in ons ontspanning, ons sosiale aktiwiteite, ons werk, ot' in verdowingsmiddele?

Op hierdie vraag antwoord die sielkundiges: Omdat daar onopgeloste probleme of konflikte in ons lewens is wat gepaard gaan met skuld- en angsgevoelens! Die Bybel gee ons egter 'n antwoord wat veel dieper insny. Daarin leer God ons dat die mens vir Hom vlug omdat hy bang is. En die mens is bang omdat hy skuldig voel. want hy het teen God gesondig.

Die sielkundiges is reg as hulle sê dat onopgeloste probleme die oorsaak is van ons angsgevoelens en die drang tot ontvlugting van die werklikheid. Maar dikwels word vergeet

dat die grootste onopgeloste probleem van die voortvlugtende is dat hy geen vrede met God het nie, omdat sy skuld voor God nie versoen is nie.

Vrede vir u siel

En van hierdie een ding kan u nou seker wees, geagte leser: Nie deur van God af weg te vlug, sal u vrede vir u siel vind nie, maar alleen deur na Hom toe te vlug. As u die drang voel om u probleme te ontvlug, dan moet u nie na u stokperdjie of u werk of na sterk drank of wat ookal gaan nie, maar dan moet u na God toe vlug. Deur die kruisdood van Jesus Christus is die skuld betaal en die vrede met God bewerk vir elkeen wat in Hom glo.

Hy is die toevlug en die plek van ontvlugting vir die beangste en gejaagde, vir die vermoeide en belaste! Vlug na Hom toe, en bid soos Dawid in Psalm 31:3: "Neig u oor tot my, red my gou; wees vir my 'n rots om in te vlug, 'n baie vaste huis om my te verlos."

Ph. Snyman.

Die Senupasiënt
en Jesus Christus

"Ag, my senuwees keil my so op! Na 'n dag van harde werk is ek saans so moeg dat ek kan omval, maar moenie glo die slaap kom nie — net verniet. Ure lank lê ek wakker en bekommer my oor my slaaploosheid en sommer oor baie ander dinge."

Is dit, leser, woorde wat u al moes uiter? Dan is u een van daardie ongelukkige mense wat aan hulle senuwees ly — 'n kwaal wat al meer slagoffers in ons tyd tel. Daar word bereken dat 10% van ons bevolking geestelik versteur is, terwyl 'n nog groter persentasie op pad is na geestelike versteurdheid — die senuweelyers. Sommige van hulle, miskien ook u, probeer die senuwees "opknap" met een van die talle senuwee-versterkers wat so baie geadverteer word. U het miskien ook gevind, soos talle ander, dat dit in die begin nogal taamlik help, maar later het die ontnugtering gekom: die slaaploosheid was weer daar; die gedurige moegheid het weer sy opwagting gemaak; die bekommernis en vrees oor allerlei dinge het u weer begin teister en aanjaag sodat u naderhand voel om maar heeltemal tou op te gooi! U, soos soveel ander senulyers, is vinnig op pad om een of ander soort mislukking van u lewe te maak . . . miskien het u al daarmee begin in die vorm van 'n paar slaappille . . of 'n stewige sopie of twee brandewyn as "die ou wêreld te veel druk." Dit het toe natuurlik weer die verdere vrees by u aangewakker: is ek nie dalk besig om verslaaf te raak aan slaappille, of . . . om 'n alkoholis te word nie?

"Waarom druk die ou wêreld my so?" Moenie met hierdie kwellende vraag na die slaappille of die brandewynbottel gryp nie! Daar is net een sekere manier om hierdie vrees, bekommernis en senuspanning permanent weg te neem, en dit is om te luister na wat Jesus Christus vir u sê: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is. en Ek sal julle rus gee".

U, met die senuwees wat so pla, neem gerus weer 'n Bybel en lees hierdie woorde in die Evangelie van Mattheus die eerste boek in die Nuwe Testament. Hoofstuk 11:28. En terwyl u tog nou daardie versie lees, gaan gerus aan en lees verder. Daar sê Jesus wat u moet doen om 'n antwoord te vind op daardie vrae wat u so vermoei en belas, om ontslae te raak van daardie senuwees wat u so teister: "Neem my juk op julle en *leer* van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart; *en julle sal rus* vind vir julle siele."

Lees gerus verder gereeld in die Bybel, gaan soek weer 'n kerk op en luister hoe Jesus daar self elke Sondag die gespanne mens leer om waarlik rus te vind. Ons kan u verseker: daarby sal u baat vind vir u gespanne senuwees, *permanente* baat wat nie net 'n tydjie gaan help nie, soos daardie slaap- of kalmeerpil wat u laas gebruik het!

Want die groot rede waarom die senuwees so pla, waarom u so "vermoeid en belas" is, is waarskynlik dat u te besig is net met die *harde,* materiële dinge van die stoflike wêreld, en daarom het u verleer om sagmoedig te wees; ook dat u so streef na die *hoë* en glansende dinge van eer en aansien, veral by invloedryke mense, en daarom verleer het om *nederig* van hart te wees!

Gaan *leer* dan so by Jesus om *sagmoedig* en *nederig* te wees, en u *sal* rus vind — ook van daardie gespanne senuwees!

J. C. Lessing.

Mense in nood

Louter vreugde

Daar is min dinge in die lewe, wat werklik louter vreugde gee. Jy streef na 'n ideaal, en as jy by daardie hoogtepunt uitgekom het, moet jy alweer agterkom dat ook dit geen louter vreugde gee nie.

Dis ook alweer vermeng met sorg en kommer,

teleurstelling en verdriet.

Daarom klink dit so vreemd as Jakobus in sy brief (hoofstuk 1:2) vermaan: " . . . Ag dit louter vreugde, my broeders, as julle in

allerhande versoekinge val. . ."

Versoekinge . . . louter vreugde?

Hoe kan dit wees?

Die man moes maar weet watter worsteling

jy moet deurmaak as versoekinge op jou

afkom!

Die versoekinge van wellus miskien, of van haat, oneerlikheid, wanhoop, moedeloosheid. Hoe kan hulle jou pynig en verwoes! En dan: louter vreugde? Hoe kan die vuil, die lelike dinge van die lewe louter vreugde gee, as die edel, die mooi dinge dit nie eers kan doen nie? Maar laat ons eers verder lees: " . . . omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk . . ."

As 'n boom gesnoei word, is dit 'n pynlike saak. Maar dit word met 'n doel gedoen.

Die doel is mooier, groter, beter vrugte.

En as die vrug dáár is, is daar vreugde.

So ook, sê Jakobus, met die snoeimes van versoekinge. Daardie duiwelse pyniginge lewer onder God se bestuur vrugte op. Die vrugte van lydsaamheid, volharding.

En dan kom die vreugde, louter vreugde.

Die beste vreugde is nie die uitbundigheid, maar die glimlag wat trane wegvee.

Die suiwerste blydskap is nie in die genot van die oomblik nie, maar in die herinnering aan die beproewing wat veilig deurstaan is.

Dis die beproewing van jou geloof.

Geloof!

Geloof dat in alles, agter alles God daar is, Wat snoei en laat snoei om vrugte . . .

Die geloof, wat soos by Jesus in die woestyn (Lukas 4), vashou aan God se Woord, ook al is die hele duiwelse skyn teen jou.

Ken u die geloof?

Dan werk selfs versoeking vreugde.

L. H. Stavast.

ELKEEN — U OOK!

Die bekende Engelse predikant Richard Baxter het eenkeer oor die woorde van Johannes 3 : 16 gepreek: "So lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê". "Ek dank God vir die woordjie elkeen wat in hierdie vers staan," het hy gesê. "Het die Here in sy barmhartigheid gesê dat Hy Hom oor Richard Baxter sou ontferm, dan sou my verdorwe, arglistige hart, op die gedagte gekom het dat Hy 'n ander Richard Baxter bedoel. Maar nou sê God uitdruklik: elkeen. Nou is alle rede tot twyfel ten ene male weggeneem. Want ek weet, onder die woordjie elkeen is alle Richard Baxters ingesluit. Selfs die slegste Richard Baxter. Selfs ek."

AS JESUS IN MY LEWE INKOM (1)

U sê dat as Jesus in u lewe inkom, daar tog geen verandering in u lewe sal kom nie.

Vir my is dit baie duidelik dat u Jesus nie waarlik ken nie, want as u Hom goed ken, in geloof ken, sal u nooit so praat nie, want Jesus bring altyd verandering teweeg. Geen gesin, geen geselskap, geen hart kan dieselfde bly, as Hy daar ingekom het nie.

Waar ek aan die reg kom om dit met soveel beslistheid te kan beweer?

Ja, ek sou u uit die ervaring baie kon vertel om die waarheid van my bewerings te staaf. Miskien kan u my nog daarin help. Maar ek wil nie nou die weg betree nie.

As u met my wil saamgaan, kan ons gaan kyk wat die Boek ons van Jesus en van alles wat Hy gedoen het, vertel, om te sien wat dit ons in hierdie verband te sê het.

Ek lees daarin van 'n man met die naam van Saggeüs (Luk. 19:1-10). Hy was die hoof van die tollenaars. Hierdie tollenaars was die belastinginsamelaars vir die Romeinse owerheid, maar noui het hulle hulle posisie gebruik om hulleself te verryk deur meer van die mense in te samel as wat vereis word en die ekstra deeltjie dan in hulle eie sak te steek.

So was dit ook met Saggeüs.

Ook hy het gesteel onder die skyn van reg, maak nie saak of sy "slagoffers" na sy vertrek 'n broodsgebrek in hulle huis ondervind het nie. Op die wyse het Saggeüs 'n ryk man geword.

Op 'n dag het Jesus egter in sy lewe ingekom, en toe het alles anders geword. Toe kom daar 'n taal uit sy mond wat nog nooit van enige tollenaar gehoor is nie. Ons lees van hom: "Maar Saggeüs het gaan staan en aan die Here gesê: Here kyk, die helfte van my goed gee ek aan die armes en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vier-dubbel terug".

Christus het hierdie man verlos van sy sondige verhouding tot en sondige gebondenheid aan sy aardse besittings en in plaas van om te steel soos vroeër, gaan hy nou om Christus ontwil die belange van sy naaste waar hy kan en mag, bevorder.

Werklik, u moet toestem, toe Jesus in die lewe van hierdie man ingekom het, het daar 'n groot verandering in sy lewe plaasgevind. (word vervolg).

P. J. de Bruyn.

Gedeelde vreugde

is dubbele vreugde.

Aan ons lesers:

Mag ons u 'n gunsie vra?

U het hierdie uitgawe van *Quo vadis?* gratis ontvang.
Miskien was daar op een van die bladsye iets wat u mooi gevind het — ons hoop dit beskeielik. maar van harte. Het u al daaroor gedink hoe u die bietjie vreugde wat u daaruit geput het, kan verdubbel? Deur hierdie *Quo vadis?* aan 'n vriend of vriendin te gee. sodat dié dit ook kan lees. Of beter nog, as u u eie eksemplaar wil bêre, stuur dan die naam en adres van dié persoon aan ons (Posbus 2008. Potchefstroom) en ons sal sorg dat 'n eksemplaar van *Quo vadis?* daar afgelewer word. Wie weet hoeveel goeds uit so 'n gebaar van u kant gebore kan word. Gedeelde vreugde is immers dubbele vreugde!

HET U GEWEET:

Quo vadis? verskyn een keer per maand.
Quo vadis? is gratis verkrygbaar vanaf Posbus 2008, Potchefstroom. (Of ook van elke predikant van die Gereformeerde Kerk).
Quo vadis? het net een doel voor oë, om die goeie boodskap van groot blydskap die wêreld te help indra, naamlik dat Jesus Christus die dood oorwin het, sodat wie in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe mag hê.

Gebed

Vader in die hemel. ek kom vandag na U toe om my verslae hart aan U oor te gee. — Ek het lank teen die prikkels geskop. — Ek was hardvogtig en opstandig. — Ek het hard probeer om U uit my lewe te verban. — Soms het ek dit reggekry om U te vergeet. — Ek weet nou dat my hele lewe een lang poging was om van U af weg te vlug. — Maar U het my altyd weer ingehaal soos 'n groot sterk man sy klein opstandige seuntjie, of 'n liefhebbende moeder haar afkerige dogtertjie inhaal. — U het my geheel en al deurskou. — U het my van agter en van voor omring en u hand op my gelê. — Hoe dikwels het U in die nag die kruis van Jesus Christus voor my bed laat opdoem — sy lieflike hoof om my ontwil vol bloed en wonde! — Daarmee het U dit vir my onmoontlik gemaak om langer onverskillig te bly. — En daarom kom ek my nou onvoorwaardelik oorgee soos 'n soldaat wat verslaan is, gebroke met die besef dat ek mv lewe lank aan die verkeerde kant geveg het. — Here, U weet dit alles. — Vergewe my ... — Dink aan my gedoopte voorhoof. — Dink aan die belofte wat U daarmee aan my gemaak het: dat U al my sondes vergeef het en my deur u Heilige Gees tot u kind aangeneem het. — Vervul nou my hart wat so dors na liefde, met die strome van u goddelike erbarming. En hou my dig by U, Vader. — Lei my op die regte pad om Jesus ontwil. — Amen.

O HEER, VERMOEID ...

O Heer, vermoeid is nou ons leë hande
Wat opgehef is na u sneeuwit lig;
Hul skrywe van ons skuld die swart berig
En van die onwil van ons offerande.

Gee dat U suiwerheid ons hart verlig:
'n ster wat flonker bo die donker land,
'n sagte vlam wat deur die nagte brand,
En nooit meer duisternis voor ons gesig.

(Afrikaanse verwerking van 'n gedig van G. Kamphuis)